Droomdraers

WAAR HOOP DIE TOEKOMS ONTMOET

NOORDELIKE SINODE 2026 | 18–22 OKTOBER 2026

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK · NOORDELIKE SINODE

DeleGates

DIE SINODE-TOEP VIR AFGEVAARDIGDES

Die hele sinode op jou selfoon.

Die **program**, die **stemmings** en die **tafelbesprekings**: alles op een plek. **Niks om af te laai of te installeer nie**: dit werk in jou selfoon se gewone webblaaier.

SKANDEER MY

Maak jou kamera oop, rig dit op die blokkie en tik op die skakel wat verskyn.

Werk die kode nie?
Tik dit in jou blaaier:

delegates.neomodus.co.za

1 Moet ek aanmeld?

Net om te kyk? Nee, glad nie.

Die **Program** is oop vir almal. Skandeer die kode en die dag se sakelys is dadelik op jou skerm. Geen aanmelding of registrasie nodig nie.

Reeds aangemeld? As jy nie **Meld aan** bo-aan die skerm sien nie, is jy klaar binne. Jy hoef dit nie elke dag oor te doen nie.

Afgevaardigde? Meld aan om te stem en deel te neem.

1. Tik op **Meld aan** bo-aan die skerm.
2. Tik die **e-posadres** in waarop jy jou uitnodiging na die sinode ontvang het.
3. Tik op **Stuur vir my 'n kode** en kyk in jou e-pos.
4. Tik die **kode uit die e-pos** in. Klaar, jy is aangemeld.

✓ **Daar is geen wagwoord om te onthou nie.**

2 Wat beteken die oortjies?

Onderaan jou skerm, of links op 'n rekenaar.

Program

Die sakelys, dag vir dag. Kies 'n **dag** bo-aan en tik op 'n **punt** vir die besonderhede en skakels na die stukke.

Oop vir almal

Stemmings

Wanneer die voorsitter 'n stemming oopmaak, verskyn dit hier. Kies jou antwoord en tik **Stem**. Die voorsitter maak die uitslag bekend.

Aangemeld + in die saal

Bespreking

Die **tafelbesprekings**: jou tafel gee saam een antwoord op elke vraag. Jy kan ook jou eie **terugvoer** stuur.

Aangemeld

My profiel

Jou **afgevaardigde-nommer**, jou tafel en jou verblyf. Dis die nommer wat jy by die deur gee.

Aangemeld

Sien jy net Program en My profiel? Stemmings en Bespreking verskyn eers sodra die sitting amptelik begin. **Om te stem** moet jy ook by die deur in die saal ingeteken wees.

Sukkel jy om in te kom?

Geen kode ontvang nie, of jou e-pos word nie herken nie? Skakel ons gerus.

082 496 6317

AANGEDRYF DEUR

NEOMODUS

Optimaliseer, Digitaliseer en Outomatiseer jou besigheid.